RiG Adviesdienste I info@rig.ac I 086 1221 777

Markte op Maandeinde

Markte en ekonomiese aanwysers

Indeks	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
JSE Top40	-2.4	7.1	6.8	20.4
JSE Mid cap	-0.2	3.6	4.6	11.2
JSE Small cap	0.8	3.1	11.8	26.9
All Share Indeks (ALSI)	-2.2	6.5	6.2	19.5
All Bond Indeks (ALBI)	-0.9	2.1	4.9	7.4
Hulpbron Indeks	-13.2	-7.1	-18.2	22.9
Industriële Indeks	1.7	15.3	23.0	18.3
Finansiële Indeks	2.5	6.6	9.7	11.6
Gelyste Eiendom Indeks	-0.7	-1.7	5.1	2.7
MSCI Wêreld Indeks*	-2.4	4.6	-6.9	10.4
S&P 500*	-2.4	3.7	-7.7	12.2
Dow Jones*	-3.9	-1.1	-1.6	11.0
FTSE 100*	0.1	6.9	-1.1	7.9
Hang Seng Indeks*	-9.5	-0.5	-10.3	-6.4
Nikkei 225 Indeks*	-4.1	1.9	-10.5	2.9

(Bron: Fundhouse) *Opbrengs uitgedruk in USD terme

Geldeenheid (Positief = Rand versterk)	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
Rand/Dollar	-5.3	-7.9	-8.8	-5.3
Rand/Euro	-2.9	-7.2	-12.2	-4.1
Rand/GBP Pond	-3.6	-12.1	-7.2	-3.4

(Bron: Fundhouse)

Rentekoerse	
Repokoers	7.0%
Primakoers	10.5%

(Bron: SARB)

Inflasiekoers (Februarie 2023)	
Hooflyn inflasie (VPI)	7.4%
Produsenteprysindeks (PPI)	15.0%

(Bron: SARB)

Februarie oorsig

Na ’n uiters sterk Januarie het die plaaslike mark in Februarie momentum verloor. Negatiewe sentiment en ’n meer versigtige benadering tot globale markte het posgevat – plaaslike markte is nie gespaar nie.

President Cyril Ramaphosa het sy staatsrede op 9 Februarie gelewer, waartydens hy ’n nasionale ramptoestand verklaar het om die regering in staat te stel om sy reaksie op die voortslepende energiekrisis te versnel. Enoch Godongwana, minister van finansies, het op 22 Februarie die 2023-begrotingstoespraak in die parlement gelewer. Die toespraak het geen groot verrassings gebring nie en markreaksie was ietwat positief, hoewel effens gedemp.

Die hoofopskrifte teen die einde van die maand was dat Suid-Afrika op die wêreldwye Financial Action Task Force (FATF) se gryslys geplaas is. Die skuif is grootliks verwag en sal waarskynlik buitelandse beleggings moeiliker maak. Dit kan selfs moontlik duurder raak vir Suid-Afrikaanse beleggers, gegewe die bykomende ondersoek wat geplaas word op finansiële vloeie wat in en uit die land gaan.

Die Absa-aankopebestuurdersindeks (PMI), ’n maandelikse aanwyser van sakevertroue, het in Februarie tot 48,8 indekspunte gekrimp. Die gryslys-aankondiging, kragonderbrekings, georganiseerde misdaad, en stilstand as gevolg van ondoeltreffendhede by die staatsbeheerde spoor-vragmaatskappy, Transnet, is alles faktore wat in Februarie swaar op beleggersentiment geweeg het.

Wêreldmarkte het in Februarie wisselvallig gebly en van hul sterk winste van Januarie teruggegee. Die inflasie-retoriek het steeds wêreldwye risiko-sentiment aangedryf en hoewel die meeste ekonomiese data sterk was, het die mark gefokus op die negatiewe impak van hoër rentekoerse. Die Bank van Engeland het aan die begin van Februarie rentekoerse met 0,5% verhoog en die basiskoers opgesit na 4,0%. Die Europese Sentrale Bank (ESB) het ook in Februarie koerse met 0,5% tot 2,5% verhoog. In Chinese markte het beleggers vir drie maande goed gedoen namate China sy streng nul-Covid-beleid aan die einde van verlede jaar begin verlig het. Die lopie het egter stoom begin verloor en Chinese markte het aan die einde van Februarie in die rooi geëindig.

Vrywaring:
Die bogenoemde inligting is slegs vir inligtingsdoeleindes, en nie advies soos gedefinieerd in die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 37 van 2002, nie. Alhoewel alle maatreëls geneem is in die voorbereiding van hierdie dokument, aanvaar RiG Adviesdienste (Pty) Ltd geen verantwoordelikheid vir enige optrede wat mag voortspruit uit hierdie dokument nie. Raadpleeg ons vir persoonlike advies gepas vir jou omstandighede. RiG Adviesdienste (Pty) Ltd is ‘n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (FSP nommer: 44730).